

3. Jakob en sy nageslag

Genesis 32: 18 - 39: 6

God bewaar die wat Hy uitverkies het

God se genade is oneindig groot. Al sondig sy uitverkore kinders, Hy bewaar hulle steeds. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Sonde breek menseverhoudings.
- God sorg vir die mens, al sondig hy.
- God vorm sy kinders om nader aan Hom te leef .

Jakob in Kanaan

Jakob koop 'n stuk grond in Sigem vir honderd geldstukke en gaan woon daar. Hy rig 'n altaar op en noem dit "Die God van Israel is God". Na sy ondervinding by Pniël vertrou Jakob nou baie meer op God.

Die jongste kind van Lea is 'n dogter. Haar naam is Dina. Al haar broers is ouer as sy en pas hul pa se vee in die veld op. Sy maak vriende met die heidendogters wat in Kanaan woon. 'n Jong man met die naam van Sigem leer haar ken en raak verlief op haar. Hy is die seun van Hemor, die Hewiet. Sigem wil graag met Dina trou, maar wag nie tot die troue voor hy by haar slaap nie. Volgens die heidense wette van Kanaan is dit nie so erg nie, maar Dina se broers beskuldig Sigem daarvan dat hy Dina soos 'n straatvrou behandel het.

Hemor keur dit wat gebeur het goed. Hy stel voor dat hulle onderling met mekaar moet trou sodat hulle een volk kan word. Dit gaan direk teen God se wil in. Beide Abraham³ en Isak⁴ het dit vroeër goed besef en daarop aangedring dat hul kinders nie met heidene mag trou nie.

3 Gen. 24: 2 - 3 Toe sê Abraham aan sy dienaar, die oudste van sy huis wat die opsig gehad het oor al sy goed: Lê tog jou hand onder my heup, dat ek jou kan laat sweer by die HERE, die God van die hemel en die God van die aarde, dat jy vir my seun geen vrou sal neem uit die dogters van die Kanaaniëte onder wie ek woon nie;

4 Gen. 28: 1 Toe het Isak Jakob geroep en hom geseën; en hy het hom bevel gegee met die woorde: Jy mag geen vrou neem uit die dogters van Kanaan nie.

God verhinder dat Hemor se plan slaag. Dina se broers mislei Hemor deur te sê dat hulle saamstem mits al die Sigemiete besny word. Die Sigemiete laat hulle besny. Op die derde dag, toe hulle in pyn verkeer, neem Simeon en Levi elkeen sy swaard en maak hulle almal dood, ook Hemor en Sigem. Die ander broers kom en plunder die stad. Hulle vat al die vee en voer die vroue en kinders weg as slawe. Jakob is baie ontsteld oor sy seuns se optrede. Hy is bang die inwoners van Kanaan neem wraak, maar die Here laat dit nie toe nie.

Jakob by Bet-el

Na hierdie gebeure beveel God Jakob om na Bet-el te trek. Dit is die plek waar die Here meer as 20 jaar gelede in 'n droom aan hom verskyn het toe hy gevlug het na sy oom Laban toe. God herinner hom aan die gelofte wat hy destyds by Bet-el gemaak het. Die Here wil hê dat hy daar vir Hom 'n altaar sal bou. Voor hy vertrek, neem hy eers al die afgode wat hy by sy mense kry en begrawe hulle onder die terpentynboom by Sigem. Daarna trek Jakob na Bet-el. Hy bou vir die Here 'n altaar. Die Here verskyn aan hom en herhaal die belofte dat sy nageslag 'n groot volk sal word wat in Kanaan sal woon.

Jakob rig 'n gedenksteen op en gooi daarop 'n drankoffer en olie uit. Van Bet-el af trek Jakob suidwaarts na Efrat (Betlehem). Nie ver van Betlehem af tref 'n ramp hom. Ragel, die vrou vir wie hy baie lief is, sterf met die geboorte van haar tweede seun. Voor sy sterwe noem sy hom Ben-Oni, "seun van my ongeluk", maar Jakob verander die naam na Benjamin, "gelukskind". Terwyl Jakob verder suidwaarts trek, neem Ruben, sy oudste seun, sy vader se byvrou Bilha, die slavin van Ragel, as vrou. Die sonde wat Ruben pleeg, onthou Jakob op sy sterfbed wanneer hy sy seuns seën.⁵

Toe Jakob in Hebron kom, is hy baie bly om sy bejaarde pa te sien. 'n Tyd lank woon hy en Isak saam, tot Isak in die hoë ouderdom van 180 jaar sterf. Jakob en Esau begrawe hom in die spelonk van Magpela wat hul oupa, Abraham, vroeër gekoop het.

Juda se drie seuns

Juda verlaat sy familiekring om met die dogter van Sua, 'n Kanaaniet, te trou. Hulle kry drie seuns: Er, Onan en Sela.

⁵ Gen. 49: 4 Opbreusing soos van waters—jy sal die vernaamste nie wees nie, want jy het die bed van jou vader beklim; toe het jy dit onheililig. Hy het my bed beklim.

Toe Er groot is, trou hy met Tamar. Er het nie volgens die wil van die Here geleef nie, daarom het die Here hom laat sterf. Juda se tweede seun, Onan, moet nou met haar trou. Volgens die swaershuwelik kan 'n broer van die man wat sterf, met sy vrou trou. Die eerste seun wat uit die huwelik gebore word, word as die seun van die oorlede broer beskou. Die naam van die persoon wat sterf, verdwyn dus nie uit Israel nie. Onan trou met Tamar, maar hy tree so op dat sy nie kan swanger raak nie. Dit is verkeerd in die oë van die Here.

Onan se sonde is so groot dat die Here hom laat sterf. Juda se laaste seun, Sela, moet nou met Tamar trou. Juda beloof Tamar dat hy dit sal reël as Sela 'n bietjie ouer is, maar eintlik wil hy nie hê dat Sela met Tamar trou nie uit vrees dat hy ook sal sterf. Tamar wag lank. Sy sien Sela grootword, maar hy trou nie met haar nie. Aangesien Tamar hieroor ongelukkig voel, beraam sy 'n plan. Sy weet dat Juda nadat hy klaar oor sy vrou se dood gerou het, na Timna gaan om sy skape te skeer. Sy trek die klere wat sy as weduwee dra, uit en sit 'n sluier oor haar kop. Sy gaan sit langs die pad waarop Juda sal verby kom.

Tamar verlei Juda

Juda dink sy is 'n prostituut en wil haar dienste huur. As betaling sal hy vir haar 'n boklam stuur. Tot dan hou Tamar Juda se seëlring met bandjies en sy staf as pand. Dit is wat sy eintlik wil hê. Daarna het Juda met haar gemeenskap. Juda stuur sy vriend Hira om die boklam vir Tamar te gee in ruil vir sy seëlring en staf. Hira kan haar nie opspoor nie met die gevolg dat Tamar sy besittings hou. Tamar word swanger en die mense beskuldig haar daarvan dat sy 'n prostituut is.

As Juda dit uitvind, tree hy streng op en beveel dat sy verbrand moet word. Dit is 'n swaar straf. Hy besef nie dat hy self skuldig staan nie. Tamar word buitentoe gebring sodat sy verbrand kan word. Net voor hulle haar kan verbrand, laat weet sy vir Juda dat die man aan wie die seëlring en staf behoort, haar swanger gemaak het.

Die saak verloop heeltemal anders as wat almal verwag. Nou blyk dit dat Tamar se skoonpa, Juda, die persoon is wat haar swanger gemaak het. Almal begryp dadelik waarom Tamar so optree. Sy wil die onreg regstel wat haar aangedoen is deur haar nie met Sela te laat trou nie. Juda erken onmiddellik dat hy nie reg teenoor Tamar opgetree het nie. Aangesien sy net probeer het om haar onreg reg te stel, word haar vonnis nie voltrek nie.

Tamar skenk geboorte aan Peres en Serag

Tamar skenk geboorte aan 'n tweeling. Net soos die tweeling van Rebekka⁶ stry die twee seuns ook by hulle geboorte oor wie eerste gebore moet word. Die vroedvrou wat Tamar help om geboorte te skenk, sien eers die hand van 'n baba en bind 'n rooi lint om sy arm. Die baba word egter nie eerste gebore nie. Hy trek sy hand terug en die ander baba kom eerste. Die vroedvrou verwelkom hom met die woorde: "Hoe kragtig het jy deurbreek." Die seun word Peres genoem. Daarna word sy broer, met die rooi lint aan sy arm, gebore. Sy naam is Serag.

Uit die nageslag van Juda word Christus gebore. Al het Juda verskeie seuns, beskik God dit so dat Peres, wat in sonde verwek is, in Dawid se geslagsregister voorkom. Peres is nie net 'n voorvader van Dawid nie, maar ook van Christus.⁷ Tamar, 'n Kanaanitiese vrou, is net soos die ander vroue wat in Christus se geslagsregister genoem word, van heidense afkoms. Die stamboom van Christus is nie een van "suiwer" afkoms nie. Met Christus se koms na die aarde het Hy die menslike natuur, ook in sy voorouers, ten volle aangeneem, al was Hy self sonder sonde.⁸

Josef tree op die voorgrond

Jakob woon nou in Kanaan, die land wat God aan sy vaders Abraham en Isak beloof het.

Die Here beskik dit so dat hulle eers uit Kanaan moet trek, aangesien Jakob se seuns groot word en met die meisies van Kanaan trou. Die gevaar bestaan dat hulle tussen die Kanaaniëte sal gaan woon en deel van hulle word. Hulle moet 'n lang tyd in Egipte gaan woon, want die Egiptenaars meng nie met ander volke nie. In Egipte moet hulle eers 'n groot en sterk volk word. Die Here gebruik Josef, die oudste seun van Ragel, as instrument om Jakob se nageslag na Egipte te laat trek.

Josef is 'n seun van 17 jaar. Sy vader is baie lief vir hom en trek hom voor. Hy maak vir hom 'n spesiale rok met lang moue. Josef weet dat sy pa hom voortrek en maak daarvan misbruik deur voortdurend nuus oor sy broers

6 Gen. 25: 26 En daarna is sy broer gebore, terwyl sy hand die hakskeen van Esau vashou.

7 Matt. 1: 3 ...en Juda was die vader van Peres en Serag by Tamar, en Peres was die vader van Hesron, en Hesron die vader van Ram,

8 Rom. 8: 3 Want God het – wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees – deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees,

se gedrag aan Jakob oor te vertel. Die gevolg is dat sy broers hom begin haat.

Om sake te vererger, vertel Josef sy broers van twee wonderlike drome wat hy gedroom het. Hulle is besig om koringare op die land vas te bind. Hulle gerwe buig voor sy gerf wat regop bly staan het. In 'n ander droom buig die son, maan en sterre voor hom. Sy broers beskuldig hom daarvan dat hy oor hulle wil heers. Dit gebeur later werklik wanneer hulle in Egipte kom en voor hom buig. Jakob vermaan Josef ernstig toe hy hoor dat hy sulke drome aan sy broers vertel.

Josef word verkoop

Op 'n dag stuur Jakob vir Josef om te gaan hoor hoe dit met sy broers en die vee gaan. Hulle is by Sigem, sowat 80 kilometer van Hebron af. Op pad soontoe verneem Josef dat hulle intussen verder getrek het tot by Dotan, nog ongeveer 16 kilometer verder. Sy broers sien hom van ver af aankom en sê: "Daar kom die dromer." Hulle beraam planne en besluit om hom dood te maak, maar Ruben oortuig hulle om hom liever in 'n droë put te gooi, dan kan hy van honger omkom. Ruben is van plan om hom later uit die put te haal en terug te stuur.

Toe Josef by hulle kom, trek hulle dadelik sy rok met die lang moue uit en gooi hom in 'n droë put. Mooipraat help Josef niks. Sy broers luister nie na hom nie. Hulle gaan op hulle gemak sit en eet. Terwyl hulle eet, sien hulle 'n karavaan Ismaelitiese handelaars wat met hulle handelsware (speserye, balsem en gom) op pad is na Egipte. Juda kry 'n blink plan. "Kom ons verkoop Josef aan daardie Ismaeliete," stel hy voor. Die broers hou van sy plan want dan hoef hulle hom mos nie dood te maak nie. Toe die Midianitiese koopmanne verbykom, het die broers Josef gaan uithaal en aan die Ismaeliete verkoop vir 20 sikkels silwer.

Josef se broers laat weet Jakob van sy dood

Die Ismaeliete neem Josef saam na Egipte om hom daar as slaaf te verkoop. Toe hulle vertrek, is Ruben nie daar nie. Hy gaan later stilletjies na die put en is ontsteld toe hy sien Josef is nie meer daar nie. Hy skeur sy klere en huil bitterlik. Wat sal hulle vir Jakob sê? Hulle maak gou 'n plan. Hulle slag 'n bok, druk Josef se rok in die bloed en stuur dit dan vir hulle pa. Hulle vertel vir Jakob dat hulle dit in die veld gekry het en vra hom of dit nie dalk Josef se rok is nie. Jakob herken onmiddellik die rok as Josef s'n. Daar is net

een antwoord, 'n wilde dier het Josef doodgemaak en opgevreet. Jakob is 'n gebroke man. Hy skeur sy klere en roep uit: "Verskeur, verskeur is Josef!" Jakob is weer die slagoffer van bedrog.

Vir Josef is dit 'n verskriklike ondervinding om van sy mense weggevoer te word na 'n vreemde land. Hy is onskuldig deur sy broers gevang en later aan die Ismaelitiese handelaars verkoop. Al hierdie gebeure vind egter plaas volgens God se raadsplan.⁹ Hy sal later sy familie moet red as daar hongersnood in Kanaan uitbreek. Die Here sorg vir Josef, al verkeer hy in moeilike omstandighede.

Josef by Potifar

Josef word deur Potifar gekoop, 'n belangrike amptenaar van die koning van Egipte. Hy doen sy werk getrou en word deur die Here geseën. Potifar beseft gou dat Josef baie bekwaam is en hy stel hom aan as voorman oor sy hele huishouding. In plaas van 'n slaaf wat bevele moet uitvoer, gee hy nou self bevele. Dit gaan goed met Josef, die Here seën die werk wat hy doen. Potifar vertrou hom volkome.

Potifar se vrou probeer egter herhaaldelik Josef verlei om seksuele omgang met haar te hê. Josef wil nie teen God sondig of Potifar teleurstel nie. Toe Josef daarom nie wil instem om by haar te slaap nie, gryp sy hom aan sy klere. Josef vlug van haar af weg, maar sy gryp Josef se kleed vas sodat dit by haar agterbly. Sy is woedend en beskuldig Josef daarvan dat hy haar wou aanval. Sy wys sy kleed as bewysstuk vir Potifar. Potifar kan nie anders as om haar te glo nie. Hy laat Josef in die tronk opsluit.

Met Josef gaan dit steeds swaarder. Hy word deur sy broers verneder en in 'n put gegooi, dan verkoop en nou onskuldig in die tronk gegooi. Maar die Here is met Josef. Net soos in die huis van Potifar kry Josef, hoewel hy 'n gevangene is, 'n belangrike pos in die gevangenis.

⁹ Ps. 105: 17 Hy het 'n man voor hulle uit gestuur: Josef is as slaaf verkoop.

Aanbevole leesstukke

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 156 168 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 76 – 79 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 119 – 125 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 138 – 152 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 1: Genesis – Josua. Pretoria: Sola Scriptura Instituut. 70 – 72 p.